**Saterdag 9 November**

| Skrifgedeelte: Hebreërs 5:1-10 | Fokusgedeelte: Hebreërs 5:9-10 |
|---|---|

**Christus is ons ewige Hoëpriester – glo in Hom!**

Elke dag ervaar ons die groot stryd met ons sonde wat ons wil mislei. Ons eie opstandigheid en ons ongeloof trek ons al verder van God af weg. En ons besef net weer en weer hoe swak en sondig ons werklik is. Wie kan ons van hierdie doodsbestaan verlos?

Maar dan kom die troos wat ons laat volhard: "Jesus is deur God verklaar tot ons ewige Hoëpriester"! Waar ons weens ons sondige natuur en swakheid nie voor God kon verskyn en self vir ons sonde betaal nie, stuur God sy Seun as Middelaar. Christus tree met die offer van sy lewe vir ons in by die Vader en bring versoening.

Maar nog meer, as Middelaar het Jesus meegevoel met ons. Hy verstaan ons swakheid en ons omstandighede. Hoe het Hy nie met trane gesmeek en in angs tot sy Vader geroep in Getsemane nie? Hy't presies geweet watter Godverlatenheid Hy sou moes deurmaak wanneer Hy die straf op ons sondes aan die vloekhout moes dra. Hoe goed ken Hy nie ons lyding en swaarkry as gevolg van die sonde nie?

Daarvoor het God self sy Seun gekies en aangestel. Hy bevestig sy Seun as enigste Hoëpriester en Verlosser met sy doop. Maar die bewys daarvan sien ons nog duideliker in sy sterwe en opstanding. Die Heilige Gees oortuig ons dat Hy daar die volmaakte offer van sy kosbare bloed gebring het, en aan elkeen wat dit glo, die ewige saligheid skenk.

Laat ons dus nie moedeloos word as ons besef hoe groot ons sonde en ons onvermoë is nie. Laat ons dan eerder ons oë opslaan na ons enigste Hoëpriester en onsself al verder verdiep in die kennis van Wie Christus werklik is. En laat ons biddend smeek dat Hy ons sal vashou en bewaar, om altyd gehoorsaam te bly wanneer beproewings oor ons lewenspad kom.

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Ds. PR Gouws (Retief) (Dendron/Magalakwin)*